INLEIDING

Die Laerskool Beaumont heet u as gesin hartlik welkom en ons vertrou dat u verbintenis met die skool vrugbaar en verrykend sal wees. Ons glo dat u deel sal word van ons skool en sy bedrywighede en dat u daarna sal streef om die skool se unieke leuse te handhaaf nl. **"UT PROSIM"** wat beteken "om van diens te wees."

Beaumont beskik oor 'n toegewyde, talentvolle en goed-opgeleide personeel, ‘n uitstekende opvoedkundige program en ‘n ondersteunende en geborge omgewing waarin sinvolle onderwys kan plaasvind. ‘n Hoë akademiese standaard word gehandhaaf en spesiale aandag word aan ko-kurrikulêre bedrywighede gegee sodat elke leerder se volle potensiaal ontwikkel kan word.

Ons doelwit is om elke kind se persoonlikheid ten volle te laat ontwikkel. Ons streef daarna om integriteit, selfdissipline, respek, verantwoordelikheid, 'n Christelike waardestelsel en diensbaarheid aan die gemeenskap te ontwikkel.

Die inligting wat volg, sal u verder inlig ten opsigte van die algemene organisasie en bedrywighede van ons skool. Ons moedig u aan om uself te vergewis van die inhoud en ons vertrou dat u die skool u lojale en toegewyde ondersteuning sal gee.

DIE SKOOLWAPEN

Die leuse **"UT PROSIM"** verskyn onder die wapen.

Die skoolwapen is ontleen aan die wapen van die geregistreerde wapenskild van die munisipaliteit van Somerset-Wes, wat sommige uitbeeldings van die heraldiek van die Somerset familie bevat.

Die wapen beeld 'n goue, staande half-leeu, met ‘n gesonde wingerdloot in sy regterpoot, op ‘n bruin agtergrond uit. Dit simboliseer die volgende:

- die leeu- sterkte, moed en uithouvermoë
- goue kleur- eerbaarheid en lojaliteit
- die wingerd- plaaslike wynbou

VERSKILLENDE KOMITEES WAT BEAUMONT BEDIEN

DIE BEHEERLIGGAAM

Die skool se Beheerliggaam is ‘n verkose komitee met ‘n driejaar dienstermyn. Dit verteenwoordig alle ouers van Beaumont-leerders en van hul hooffunksies is die:

- vasstelling van die toelatings- en taalbeleid van die skool in samewerking met die LUR (Lid van Uitvoerende Raad);
- aanbevelings vir aanstellings van leerkragte by die Hoof van die Onderwysdepartement;
- jaarlikse opstel van, en beheer oor die skool se begroting;
- onderhoud van die skoolgrond en -geboue;
- heffing van skoolgelde en die afdwing van betaling daarvan.

SUB-KOMITEES

Daar is verskeie sub-komitees wat die skool dien, bv. sport-, rekenaar-, onderhoud-, finansiële- en projekkomitees. Hierdie komitees vergader wanneer nodig en bestaan uit lede van die Beheerliggaam, opvoeders en ouers. Die hoofdoel van hierdie komitees is om die Beheerliggaam met raad te bedien aangaande belangrike besluite wat geneem moet word.

BEAUMONT OUERVERENIGING

Hierdie vereniging, kortweg genoem die **BOV,** word jaarliks verkies en werk nou saam met die skool en ouers om fondse vir die skool in te samel. Hulle vergader maandeliks en reël pretdae, raaikompetisies, danse, gholfdae en nog baie meer.

Koekverkopings word gewoonlik drie keer per jaar gehou en ouers van sekere graadgroepe word dan versoek om grootkoeke en kleinkoekies te skenk. Die entoesiastiese ondersteuning van alle BOV gebeure en projekte verseker die sukses daarvan.

SKAKELKOMITEE

Hierdie komitee bestaan uit ouers van leerders uit elke graad en staan hoofsaaklik die BOV met hulle projekte by. Dit bied aan nuwe ouers die geleentheid om betrokke te raak by die skool en sodoende ander ouers te ontmoet.

Die enigste vereistes om as skakelouers op te tree is:

- u moet ‘n Beaumont ouer wees
- u moet belangstel in die skool se aktiwiteite
- u moet entoesiasties wees om betrokke te raak by projekte
- u moet gewillig wees om by te dra tot u kind u skool se ontwikkeling

Die Skakelkomitee werk baie nou saam met die BOV en gereelde kontaksessies word gehou om voorgestelde projekte te beplan en bespreek, en om hulp te verleen waar moontlik.

ALGEMENE SKOOLINLIGTING

AFSPRAKE MET DIE SKOOLHOOF

Die skoolhoof handhaaf ‘n oop-deur beleid en is gewillig om met enige ouers in gesprek te tree indien hulle dit verlang. As u egter 'n probleem ondervind met u kind se klasonderwyser/es ten opsigte van ‘n spesifieke saak, moet u asseblief eers die probleem met die klasonderwyser/es uitklaar, alvorens u ‘n afspraak met die skoolhoof maak. Afsprake kan deur die skoolsekretaresse gereël word.

SKOOLGELDE

Die betaal van skoolgelde verseker ‘n doeltreffende skool. Dit dra nie net by tot die onderhoud en verbetering van fasiliteite nie, maar tot die algemene verryking van ons onderwysprogramme.

Skoolgelde kan op verskeie maniere betaal word: R 10 860 per leerder per jaar vir 2012.

1	*Vroeë betaling verseker 'n 7% afslag waar gelde ten volle vereffen word vir die jaar, of 'n 3,5% afslag vir ‘n tydperk van 6 maande.(R10 100 of R5 240 x 2 onderskeidelik vir 2012) Paaiemente moet die skool op 29 Februarie en 31 Julie bereik om vir hierdie afslag te kwalifiseer.*
2	*'n Maandelikse debietorder kan gereël word. Aftrekkings word op die 1ste dag van elke maand gedoen. Ouers word aangemoedig om van hierdie maklike en gerieflike manier van betaling gebruik te maak hoofsaaklik om veiligheidsredes by die skool, en ook om hoë bank-hanteringskostes te beperk. (R905 x 12 maande vir 2012)*

3	*Tjek, stop-order, internet of kredietkaartbetalings (R905 x 12 maande). Andersins kan 12 x maandelikse kontantbetalings van R905 elk gemaak word.*
4	*Gedeeltelike/volle kwytskelding van skoolgelde sal oorweeg word op grond van 'n WKOD reëling. (sien meegaande departementele vorms in hierdie verband.) Meer inligting, asook aansoekvorms vir gedeeltelike / volle kwytskelding is by die finansiële kantoor beskikbaar) op aanvraag.*

Aangesien die betaling van skoolgelde steeds verpligtend is, neem Beaumont die volgende stappe om uitstaande gelde in te vorder:

Rekeninge word elke tweede maand aan ouers gestuur. Indien ‘n rekening uitstaande is, en daar geen reëlings met die skool se finansiële kantoor getref is nie, sal die saak aan ons prokureurs oorhandig vir die invordering daarvan. Alle skoolgelde moet ten volle betaal wees teen die einde van die skooljaar (vroeg Desember). Na hierdie datum, word skuldenaars outomaties, sonder kennisgewing oorhandig.

SKOOLURE

Graad R	MAANDAG tot VRYDAG	08:00 - 12:30
Graad 1 – 2	MAANDAG tot VRYDAG	08:00 - 13:00
Graad 3 – 7	MAANDAG tot DONDERDAG VRYDAE	08:00 - 14:15 08:00 - 13:00
Eerste pouse	MAANDAG tot DONDERDAG VRYDAE	10:25 - 10:45 10:15 - 10:35
Tweede (Graad 3-7)	MAANDAG tot DONDERDAG	12:20 - 12:35

TOELATING EN OORPLASING VAN LEERDERS

Wanneer leerders by Beaumont ingeskryf word, moet die volgende dokumente die aansoek vergesel:

- Afskrifte van die Geboortesertifikaat of I D Boek of Paspoort;
- Oorplasingsvorm van vorige skool (R.S.A.), wat slegs op die laaste skooldag beskikbaar is.
- jongste leerderverslag;

- sertifikaat met inentingsdatums;
- bewys van woonadres;
- studiepermit (indien van toepassing).

Laat weet asseblief die kantoor via die klasonderwyser/es indien veranderinge van adres en/of telefoonnommer plaasvind. Indien u kind Beaumont gaan verlaat, moet u die skool asseblief vroegtydig **SKRIFTELIK** in kennis stel. Maak seker dat u die OORPLASINGSVORM, wat die laaste dag beskikbaar gestel word, by die kantoor afhaal (n.v.t. op emigrante nie). Hierdie leerders sal 'n skriftelike verslag van hul vordering ontvang. Alle handboeke en biblioteekboeke moet aan die skool terugbesorg word voor u kind se vertrek. Uitstaande skoolgelde moet ook vereffen word.

KO-KURRIKULêRE AKTIWITEITE

KULTUREEL

Ons ondersteun die standpunt dat die akademiese aspek van 'n skool van primêre belang is. Ons streef nietemin daarna om die leerders se ervaringsveld te verbreed deur by hulle ‘n kulturele en estetiese bewustheid tuis te bring.

Die **Skoolkore** (Junior – Gr 2+3 alleen en Senior) bied aan die leerders die geleentheid om hul behoeftes uit te leef deur middel van sang. Gereelde optredes vorm ‘n belangrike deel van die musiekprogram.

Blokfluitlesse in groepverband, viool- en klavierlesse word ook aangebied en aangemoedig. (Vanaf Gr 2)

Openbare Redevoering (Gr 4-7) word op ‘n gereelde basis tydens skoolure aangebied. Leerders kry ook die geleentheid om gedurende die jaar hul talente teen naburige skole te toets.

Balletonderrig word aangebied vir Graad 1, Graad 2 en Graad 3 leerders op Donderdae.

Privaat spraak- en dramaklasse word elke Dinsdag- en Vrydagmiddag in die skoolsaal aangebied.

Kunsklasse word op Maandae tot Vrydae na skool aangebied waar leerders hul talente verder kan ontwikkel.

Kitaarlesse word privaat op Maandae aangebied.

Ons **Skaakklub** maak voorsiening vir beginners en gevorderde spelers. Wedstryde vind gereeld teen skole in ons omgewing plaas.

‘n Avontuurklub wat daarna streef om kwartaallikse aktiwiteite vir leerders en hul ouers aan te bied.

SPORT EN ONTSPANNING

Afgesien van die vier pragtige groen speelvelde vir rugby, krieket en hokkie, sluit die fasiliteite by die skool vyf netbal- / tennisbane in, asook 3 krieketnette en 'n 25m-swembad. Personeellede is aktief betrokke by die afrigting van sport en ALLE leerders word aangemoedig om aan die aktiwiteite by Beaumont deel te neem (ten minste een somersport en een wintersport). Ouers staan die personeel by met afrigting en die organisasie van die verskillende sportkodes. 'n Sportkomitee, bestaande uit ouers en onderwysers, sorg dat die sportbedrywighede glad verloop.

Aan die begin van die somer- en winterseisoen word ‘n ko-kurrikulêre program en ‘n lys van wedstryde aan elke leerder gegee. Hierdie aktiwiteite help dat die leerders fisies en geestelik paraat bly, wat ‘n vereiste is vir skoolprestasie. Spanwerk en samewerking word ook hierdeur bevorder.

As ‘n leerder nie ‘n sportoefening kan bywoon nie, moet die afrigter vooraf of die volgende dag skriftelik daarvan in kennis gestel word

BUITELUGOPVOEDING EN UITSTAPPIES

Ons bied **minstens drie uitstappies per jaar** aan vir ons leerders vanaf Graad R - 7. Die een uitstappie fokus op opvoeding in die plaaslike omgewing, bv. die Helderberg Natuurreservaat, terwyl die ander aan 'n interessante aspek van die kurrikulum gekoppel word en dit vind gewoonlik buite die omgewing plaas, bv. ‘n museum in Stellenbosch. Elke graad besoek ‘n spesifieke terrein om herhaling in die volgende jare te voorkom.

VERVOER

Ons een skoolbus kan slegs 'n beperkte aantal leerders vervoer en daarom versoek ons dat ouers ons soms help met vervoer wanneer wedstryde by ander skole gespeel word. U ondersteuning word altyd waardeer. Die skool se omvattende versekeringspolis maak voorsiening vir sulke omstandighede.

BESOEKE AAN KLASKAMERS

Ouers word versoek om nie gedurende skoolure klasse te besoek nie. Dit is vir die onderwyser/es steurend om aandag aan 'n ouer te skenk as 'n les reeds begin het.

Items wat tuis agtergelaat word, moet voor eerste pouse by die sekretaresse se kantoor afgehaal word. Aangesien ons nie gewoonlik items by die leerders se klaskamer aflewer nie, moet hulle tuis aangemoedig word om self navraag te doen by die sekretaresse se kantoor.

VORDERINGSBESPREKINGS

Formele vorderingsbesprekings met onderwysers(esse) word ten minste drie maal per jaar gehou, gewoonlik nadat rapporte of portefeuljes huis toe gestuur is vir ouers se aandag. Indien die onderwyser/es sekere aspekte in verband met die kind se werk wil bespreek, sal u per brief in kennis gestel word.

Indien u u kind se stadige of onbevredigende vordering, of enige ander saak wil bespreek, tree eers in verbinding met die betrokke onderwyser(es). As u dan nog nie tevrede is nie, reël asseblief vir 'n afspraak met die skoolhoof.

Neem asseblief kennis dat ‘n afspraak met ‘n onderwyser(es) slegs na skoolure mag plaasvind, d.w.s. na afloop van die dag se akademiese program. Graad R, 1 en 2 onderwyseresse is slegs beskikbaar vir afsprake nadat die laaste klok vir die senior klasse gelui het, tensy die skoolhoof anders bepaal.

SIEKTE TYDENS SKOOL

Indien 'n leerder tydens skool siek of beseer word, sal die sekretaresse die ouers bel om te reël dat die betrokke leerder gehaal word. Ouers of familie wat so ‘n leerder kom afhaal, moet 'n ontslagregister teken as 'n spesiale voorsorgmaatreël. Siek leerders moet asseblief tuisbly aangesien ons fasiliteite om na hulle om te sien baie beperk is. Moet tog nie u kind opdrag gee om van die skool af te bel indien hy of sy siek is nie. Leerders wat siek word, word na die sekretaresse se kantoor gestuur met 'n siekteverslag van die klasonderwyser(es). Ouers mag nie siek kinders skool toe stuur om eksamens / toetse af te lê, met 'n versoek dat hulle daarna huis toe gestuur moet word nie. Daar kan nie van ‘n siek kind verwag word om goed te presteer nie. Ons stelsel van deurlopende evaluering maak dit in elk geval onnodig.

ALLERGIEë

Indien u kind allergies is vir bysteke, of as hy / sy enige ander allergieë of mediese probleme ondervind, bring dit asseblief skriftelik onder die aandag van beide die sekretaresse en die klasonderwyser(es). Voorsien ook asseblief die sekretaresse van die betrokke medikasie, gemerk met die kind se naam en met duidelike gebruiksvoorskrifte. Sulke medikasie sal deur die skool bewaar word, sou u kind spesiale aandag benodig.

GESONDHEIDSONDERSOEKE

Laerskole word minstens een keer per jaar deur skoolverpleegsters besoek, met die doel om algemene en higiëniese omstandighede te ondersoek. Ouers word vooruit in kennis gestel en mag tydens enige ondersoek teenwoordig wees. Enige probleem wat tydens 'n ondersoek aan die lig kom, sal onder die ouers se aandag gebring word.

SKOOLAFWESIGHEID

Kinders wat terugkeer na 'n afwesigheid moet 'n nota van hulle ouers indien. Indien die kind herstel het van 'n aansteeklike siekte moet die dokter ‘n klaringsertifikaat verskaf voordat die kind weer skool mag bywoon.

Indien ouers voorsien dat hul kind vir 'n tydperk van die skool afwesig gaan wees, moet die skool daarvan verwittig word. Gedurende die tydperk van afwesigheid mag huiswerk by die skool afgehaal word, indien so 'n reëling met die onderwyser/es getref is.

Toestemming om ‘n leerder uit die skool te hou, mag slegs in uitsonderlike gevalle, soos dringende mediese afsprake, sterfte in die familie, ens. toegestaan word. Indien u verkies om u kind om enige ander rede uit die skool te hou, word daar vooraf ‘n skriftelike kennisgewing vereis. Daar moet ook deur u onderneem word dat verlore werk by die huis ingehaal sal word.

PADVEILIGHEID

Neem asseblief kennis dat Van der Merwestraat, Helderzichtstraat en Reigerlaan tydens spitstye tydelik in eenrigtingstrate verander. Gehoorsaam asseblief die spesiale verkeerstekens. Verkeersbeamptes monitor gereeld voertuigbeweging en oortreders word beboet.

Maak asseblief seker dat u kind die basiese verkeersreëls ken. Aan die een kant van Van der Merwestraat en Reigerlaan is daar rooi strepe aangebring om 'n opeenhoping van verkeer te verhoed, asook om te verseker dat leerders se sig geensins belemmer word wanneer hulle die pad moet oorsteek nie. U word vriendelik versoek om nie op die rooi strepe stil te hou of te parkeer nie, en om nie die ingange na die skool te versper wanneer u u kinders by die skool aflaai nie.

NEEM KENNIS: Ouers moet baie versigtig op die skoolterrein bestuur, veral in Onze Janstraat tydens die namiddag se sportprogram. Die hek by Onze Janstraat word elektronies beheer en sal outomaties oopgaan as u die skoolterrein wil verlaat.

Fietsryers word sterk aanbeveel om altyd valhelms te dra en om toe te sien dat hul fietse binne die fietskamp **gesluit** is. Die skool kan ongelukkig geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige diefstal of beskadiging van fietse nie.

VERVOER VAN LEERDERS

Moet asseblief nie toelaat dat u kinders soggens te vroeg skool toe kom nie. Dit is beter vir hul eie veiligheid indien hulle saam met die meeste van die ander kinders by die skool opdaag. Indien dit onmoontlik is, tref asseblief die nodige reëlings dat u kind by vriende kan bly totdat dit ‘n meer geleë tyd is om skool toe te gaan. Wanneer daar aandfunksies plaasvind, moet u asseblief sorg dat u u kind stiptelik binne die skoolgebou ontmoet. Hulle moet onder geen omstandighede toegelaat word om buite die skoolterrein te wag nie.

NEEM KENNIS: *Nadat die leerders die skoolterrein betree het, mag hulle nie uitstap en buite op die sypaadjie vergader of na die kafee toe stap nie.*

KIOSK

Die skool se kiosk is elke pouse en na skool oop. Verkope sluit gewoonlik gesonde kossoorte, versnaperinge en ‘n verskeidenheid vrugtesappe in.

GEBRUIK VAN DIE TELEFOON EN BOODSKAPPE

Slegs noodboodskappe sal aan leerders oorgedra word. Sodanige boodskappe moet voor die aanbreek van ‘n pouse aan die sekretaresse deurgegee word. Leerders word nie toegelaat om telefoonoproepe vanaf die kantoor te maak nie, behalwe in noodgevalle of waar belangrike skoolaangeleenthede betrokke is. In ‘n poging om by die leerders ‘n sin van verantwoordelikheid te kweek, word hulle nie toegelaat om hul ouerhuise te skakel indien ‘n item tuis vergeet word nie. ‘n Openbare telefoon is by die skool beskikbaar vir gebruik deur ons leerders. Maak asseblief seker dat u kind altyd 'n telefoonkaart by hom / haar het om ‘n telefoonoproep te maak, indien nodig. Sodanige oproepe mag nie gedurende onderrigtyd gemaak word nie.

VERLORE ITEMS

Verlore items word langs die Tegnologiekamer gehou.

- Leerders sal in kennis gestel word indien gemerkte items gevind word. (Merk met naam en Graad)
- Items moet Vrydae 12:45 - 13:15 afgehaal word.
- Boetes moet betaal word vir items wat nie afgehaal word nie.
- Items nie afgehaal nie en ongemerkte items sal aan die klerebank geskenk word.

NUUSBRIEWE EN OMSENDBRIEWE

Ons onderneem om u gereeld op hoogte te hou van skoolverwikkelinge en skoolaktiwiteite deur middel van nuusbriewe en omsendbriewe. Hierdie briewe word elke tweede week (Donderdae) op ons webtuiste gepos, of saam met die oudste kind van die huisgesin gestuur waar daar geen internet beskikbaar is nie. Lees sodanige briewe noukeurig en teken belangrike datums aan of onderstreep dit op u kalender. U kan ook hierdie brief, asook enige ander belangrike inligting t.o.v. die skool op ons webtuiste naslaan. Die adres is www.beaumont4u.co.za

TUISWERK

Tuiswerk word gereeld aan Graad 4 tot 7-leerders gegee, om werk wat in die klas onderrig is, deeglik vas te lê. Sodanige take behoort in die tuiswerkboek aangeteken te word. Om goeie vordering te verseker, behoort ouers gereeld belangstelling in hul kind se werk te toon. Ouers kan ook hul kind aanmoedig om ekstra hersiening te doen in ‘n leerarea waarmee hy / sy probleme ondervind. Ouers word aangeraai om hul kind se klaswerkboek te teken nadat die werk bevredigend voltooi is.

Graad R – 3 kry ‘n huiswerkpapier per week. U is asseblief verantwoordelik om u kind te help en daagliks te teken.

Alle ouers van Graad 4 tot 7 leerders behoort aan te dring op ten minste een uur se tuiswerk, studie of leeswerk elke weeksmiddag. Dit behoort 'n nie-onderhandelbare, daaglikse roetine te word. Sodoende sal die toepaslike gesindheid teenoor tuiswerk ontwikkel word en sal ouers baie ure se angs, raas en skel gespaar word. Hoe vroeër hierdie gewoonte gevestig word, hoe beter.

DEURLOPENDE EVALUERING

Leerders in Graad R - 3 word deur die jaar geëvalueer en skryf nie eksamens nie, maar doen wel formele assessering deur die kwartaal. Leerders wat die formele assessering mis, sal ‘n “a” (vir afwesigheid) op die punteskedule kry. Die rapportprogram werk dan ‘n gemiddelde van u kind se vordering uit.

Leerders vanaf Graad 4 - 7 word op verskeie maniere deur die jaar ge-assesseer (formatief en summatief). ‘n Formele eksamen word aan die einde van die jaar geskryf en ouers word versoek om nie hul kinders uit die skool te neem voordat die eindeksamen afgelê is nie.

SKOOLDRAG EN ALGEMENE NETHEID

Die amptelike verskaffer van Beaumont skooldrag is: Laerskool Beaumont

Die klerewinkel is elke Dinsdag en Donderdag vanaf 13:00 tot 14:30 oop, en ook tydens bepaalde ure aan die begin van elke kwartaal.

SOMER

- Donkerblou Beaumont quantec kortbroek of donkerblou "skorts". "Skorts" is verpligtend vir Graad 1-5 meisies in 2012. "Skorts" in groter mates sal teen 2012 beskikbaar wees.

- Beaumont gholfhemp. Die hemde mag oor die broek hang mits dit nie te lank is nie.

HOED

- Dit is vir alle Graad R-4 leerders verpligtend om hul Beaumont hoed/pet tydens pouses en veral tydens sportoefeninge te dra as beskerming teen die son. Geen pette soos Billabong sal op die sportvelde of gedurende pouse toegelaat word nie. Beaumont kriekethoedens is ook by die Klerebank beskikbaar.

SKOENE

Tekkies:

- Die tekkies moet **oorwegend** wit wees. Slegs donkerblou of swart as addisionele kleure sal aanvaar word. Geen mode tekkies sal toegelaat word nie. Slegs wit skoenveters word toegelaat. **Geen** swart of blou veters nie.

Sokkies:

- Wit sokkies. Sokkies moet **duidelik sigbaar wees** en die enkels bedek. Geen "secret socks".

Sandale:

- Sandale mag slegs deur Graad 1-3 kinders in die somer tydens die somermaande gedra word (1ste en 4de kwartaal). Neem kennis dat leerders tydens Vrydae se saalbyeenkomste tekkies **moet** dra.

SPORTUNIFORM

- Die **moulose atletiekhempie** is verpligtend for LO vir Graad 4-7. Hierdie hempie kan ook gedra word na alle buitemuurse aktiwitiete soos atletiek, tennis ens.

- Donkerblou Beaumont quantec kortbroek.

SWEM

- Dogters – **Donkerblou** vol speedo. Ouer dogters kan die swart Beaumont “quantec” kortbroekie bo-oor dra, indien hulle selfbewus is.

- Seuns – Donkerblou speedo of swart Beaumont “quantec” kortbroekie wat dien as ‘n swembroek.

- **Goue swempette** – dié is verpligtend vir die swemspan (seuns en dogters). Goue swempette is te koop by die klerebank.

- Geel, wit, of donkerblou swempette moet gedra word tydens LO lesse. Geen leerder, seuns of dogters, sal toegelaat om te swem sonder ‘n swempet.

- Leerders moet ook sorg dat hulle handdoeke het.

Koeler weer

- Wanneer die weer koeler word, mag 'n Beaumont sweetpakbaadjie met die Beaumont kortbroek en gholfhemp gedra word. Die sweetpakbaadjie se ritssluiter moet **ten alle tye** vir 2/3 opgetrek wees.

WINTER

- Beaumont sweetpak.

- Beaumont gholfhemp (kort of langmouhemp).

- Neem asseblief kennis dat die langmouhemp slegs onder ‘n sweetpakbaadjie gedra mag word, en nie op sy eie met ‘n sweetpakbroek nie.

- n Donkerblou v-nek trui (opsioneel). Die donkerblou trui mag by enige winkel se skooldragafdeling gekoop word. Maak asseblief seker dat die donkerblou van die trui pas by die kleur van die Beaumont sweetpak.

- **NEEM KENNIS:** Die trui mag slegs onder die sweetpakbaadjie gedra word en nooit as die enigste buitenste laag klere nie.

- Donkerblou serp - Beskikbaar by die skool.

- Geborgde baadjies mag slegs op wedstryd dae gedra word.

HARE

- Geen leerder se hare mag **gebleik of gekleur word of van sonstrepe voorsien word nie. Indien dit die geval is, sal hy / sy huis toe gestuur word en slegs toegelaat word om terug te keer skool toe wanneer die hare weer hul oorspronklike kleur het.**

- **Jel** mag by die skool gedra word, maar slegs om hare netjies te hou, en nie vir modieuse doeleindes nie.

- Wanneer 'n dogter se hare aan die kraag van die hemp raak, moet dit vasgemaak word. Slegs WIT, GEEL OF DONKERBLOU linte, "scrunchies" of haarbolletjies mag gedra word.

- Geen modehaarbykomstighede soos bv. skoenlapperknippies of kammetjies mag gedra word nie.

- Dogters se hare moet in 'n netjiese, konvensionele haarstyl gedra word.

- Seuns se hare moet in 'n netjiese en konvensionele haarstyl gesny wees. Ons versoek dat die agterkant geknip moet wees sodat daar 'n duidelike gaping tussen die hare en die hemp se kraag is. Die hare aan die kante van die kop mag nie die ore bedek nie. Prominente "steps" is ontoelaatbaar. Die kuif mag onder geen omstandighede die wenkbroue bedek nie.

ALGEMEEN

- Leerders moet volledige en korrekte skooldrag dra wanneer hulle skool toe kom en wanneer hulle die skool aan die einde van die skooldag verlaat. Leerders moet te alle tye 'n skoon en netjiese voorkoms hê.

- Geen juweliersware, behalwe horlosies (gemerk met die kind se naam waar moontlik) en 'n paar gewone "studs" of "sleepers", mag deur dogters gedra word nie (Geen hangende oorbelle nie). Sigbare halssnoere en armbande word nie toegelaat nie. Seuns mag nooit oorbelle van enige aard dra terwyl hulle op die skoolperseel is of wanneer hulle in Beaumont skooldrag geklee is nie.

- Vingernaels moet altyd skoon en kort geknip wees. Gekleurde vingernaels of toonnaels word nie toegelaat nie.

- Daar word van leerders verwag om te alle tye netjies en skoon te wees.

- Geen grimering word toegelaat.

- Selfone moet verkieslik nie skool toe gebring word nie. Beaumont kan ongelukkig geen verantwoordelikheid aanvaar vir enige selfone wat verlore gaan of beskadig word nie. Indien ‘n selfoon tydens klastyd lui, sal dit afgeneem word en vir ‘n periode van 5 dae in die skool se kluis gebêre word.

- Alle besittings, bv. klere, handdoeke, sportsakke, skryfbehoeftes en kosblikke moet met permanente ink gemerk wees.

- Leerders moet met groot sorg te werk gaan met alle boeke en toerusting wat die skool aan hulle uitreik. Alle oefening- en handboeke moet oorgetrek word. Ouers sal vir verlore handboeke of biblioteekboeke moet betaal.

- Skooltasse (verkieslik blou) moet groot genoeg en stewig van aard wees. Rugsakke en 'toksakke' bied geen beskerming aan boeke nie. Geen 'toksakke' mag skooltasse vervang nie.

BASIESE SKOOLREëLS

- Leerders moet hulle so gedra dat dit tot eer strek van hulself, hul gesinne en hul skool. Hulle moet streef na die uitlewing van ons skool se leuse, nl. ‘*om van diens te wees*’.

- Leerders mag nie die skoolgebou voor skool (behalwe Maandae), tydens pouses en na skool betree nie, behalwe as hulle deur 'n onderwyser/es vergesel word of in geval van onweer. Wanneer dit reën, word die Grondslagfase en Graad 7 leerders voor skool en gedurende pouses in die skoolgange toegelaat terwyl Graad 4 - 6 leerders voor skool in die gange mag wees en tydens pouses in die saal mag bymekaarkom. Onderwysers/esse sal aan diens wees.

- Hardloop en eet in die gange of op die trappe is streng verbode. Beweging in die skool moet te alle tye stil en ordelik wees.

- Leerders mag nooit rommel strooi nie en moet altyd bydra tot 'n skoon en netjiese skool. Hulle moet 'n trots ontwikkel in hulle skoolomgewing.

- Kleedkamers moet altyd skoon en higiënies gehou word.

- Doelbewuste skade aan die skoolgeboue, meublement en fasiliteite is 'n strafbare oortreding. Enige ongeluk (hoe gering ook al) moet by die kantoor aangemeld word.

- Geen kind mag die skoolterrein tydens skoolure sonder skriftelike toestemming verlaat nie.

- Die klim van bome en heinings is streng verbode.

- Slegs geskikte seilskoene mag op ons tennisbane gedra word.

- Leerders word nie toegelaat om op die skoolterrein met hulle fietse te ry nie. Hulle moet by die hekke van hulle fietse afklim en dit na die fietshok stoot.

- Daar word van leerders verwag om te alle tye vriendelik en hoflik te wees. Wees altyd eerste om 'n volwassene te groet. Dit kos niks om dankie, asseblief of verskoon my te sê nie. Geen gevaarlike en ruwe speletjies of aktiwiteite word op ons skoolterrein toegelaat nie.

GEDRAGSKODE

1. INLEIDING:

ONS VISIE IS OM 'N STIMULERENDE, INKLUSIEWE CHRISTEN-GEBASEERDE ONDERRIG-MILIEU DAAR TE STEL WAAR KINDERS BEGELEI SAL WORD OM HUL INTELLEKTUELE, KULTURELE EN FISIESE POTENSIAAL BINNE DIE RAAMWERK VAN 'N GESONDE WAARDESISTEEM TE ONTWIKKEL.
Dit impliseer dat daar onvoorwaardelike LIEFDE en RESPEK vir ons kinders is, sodat goeie LEER kan plaasvind. Ons leerders moet te alle tye hulself, hul mede leerders, onderwysers, ouers en eiendom respekteer. Dit is gebaseer op ons menseregte dokument.

As sekondêre opvoeders is dit die ONDERWYSERS SE ROL om met OUERS saam te werk. Ouers is verantwoordelik vir die leerders se DISSIPLINE, wat tuis begin en voortvloei na die skool en omgewing. Die klem op dissipline in ons skool is om positief en motiverend te wees en om die ouderdom van die leerder in gedagte te hou. Voortdurende kommunikasie tussen ouers en onderwysers is uiters belangrik as ons in die toepassing van ons missie wil slaag.

2. Ons **DOELWITTE** is as volg:

2.1 AANMOEDIGING VAN POSITIEWE GEDRAG:

Klasonderwysers strewe om:
- RESPEK en VERTROUE van leerders te verkry
- duidelike grense daar te stel
- gedragsgrense met die hele klas te bespreek en aan te teken
- weeklikse, kwartaallikse en jaarlikse klasdoelwitte daar te stel
- individuele en persoonlike doelwitte te ontwikkel
- al sewe onderstaande positiewe strategiëe deur die jaar toe te pas.

Positiewe strategieë wat toegepas kan word:

* GOEIE WERK
  Die skoolhoof word ingelig oor goeie werk
* MERIETE-TOEKENNINGS
  Tydens saalbyeenkoms uitgegee
* POSITIEWE KONTROLE
  Kommentaar moet aanmoedigend wees
* SPANPUNTE EN TOEKENNINGS
  Spanwerk/gehoorsaamheid in die klas
* UITSTAPPIES
  Moet deur elke klaslid verdien word
* SPESIALE AANDAG VIR GOEIE OF VERBETERDE GEDRAG
  Word gegee om onaanvaarbare gedrag te vermy
* VERSLAE VAN GOEIE WERK AAN OUERS
  Om goeie werk deur kind te erken.

2.2 AFKEUR VAN NEGATIEWE GEDRAG

Natuurlike geregtigheid moet in alle situasies geld, nl.:

- Sê vir die kind wat die oortreding is en gee die kind die geleentheid om sy/haar kant te stel.
- Bepaal of hierdie kind die oortreder is.
- Doen ‘n objektiewe beoordeling van die oortreding.
- Bepaal die motief van die oortreding.
- Die reg van appel en hersiening.

MENSEREGTE VAN LAERSKOOL BEAUMONT

1 Dit is my verantwoordelikheid om met deernis teenoor ander op te tree en daarom verwag ek soortgelyke optrede van ander teenoor my.

2 Dit is my verantwoordelikheid om die individualiteit en geloof van ander te respekteer, afgesien van hul geslag, kleur, ouderdom en voorkoms. Ek kan verwag dat ander my ook ten opsigte hiervan sal respekteer.

3 Dit is my verantwoordelikheid om deur my optrede te verseker dat ek niemand opsetlik fisies sal beseer nie. Ek verwag soortgelyke behandeling van ander.

4 Ek mag nie die eiendom van ander neem of verniel nie. Ek verwag dat my eiendom veilig sal wees.

5 Ek het die verantwoordelikheid om ‘n stil en rustige skool te help handhaaf. Dit gee my die reg om te luister en om gehoor te word. Dit beteken dat ek nie luidrugtig sal optree nie en dat ander my nie sal pla nie.

6 Dit is my verantwoordelikheid om ‘n atmosfeer wat bevorderlik is vir leer te help handhaaf in hierdie skool. Dit gee my die reg om te leer. Ek sal dus my opinie mag lug sonder om onderbreek of teen gediskrimineer te word. Ek sal nie ander wat hul opinies lug, onderbreek of veroordeel nie.

7 Dit is my verantwoordelikheid om selfdissipline aan die dag te lê. Niemand sal gedwing word om te luister terwyl ek my regte misbruik nie en ek sal poog om my regte uit te oefen sonder om dieselfde regte van ander te weerhou.

8 Ek het die reg om tydens pouse te ontspan en myself te geniet en daarom sal ek nie ander van dieselfde reg weerhou nie.

9 Dit is my verantwoordelikheid om my regte en dié van ander te beskerm deur te alle tye verantwoordelik op te tree.

PERSONEEL 2012

SKOOLHOOF

Mnr G D Reddell

ADJUNK-SKOOLHOOFDE

Mnr L Kets (Senior)

Mev H Saayman (Junior)

ONTVANGSFASE

Gr R	Mev B van Staden	
Gr R assistent	Mev C Govana	

GRONDSLAGFASE

Gr 1E1	Mev D Coulson	
Gr 1E2	Mev A Page	
Gr 1E3	Mev C Murray	Graadhoof
Gr 1E4	Mej Newton-Foot	
Gr 1E5	Mej K Payne	
Gr 1A	Mej M Barnard	
Gr 1A assistent	Mej L Uys	
Gr 2E1	Mev D Galloway	
Gr 2E2	Mev B Engelke	
Gr 2E3	Mev C Viljoen	
Gr 2E4	Mev W Philander	Departementshoof
Gr 2E5	Mev G Murphy	
Gr 2A	Mev I Bester	Graadhoof
Gr 3E1	Mev J Trinchero	
Gr 3E2	Mev J Immelman	
Gr 3E3	Mev J Allers	
Gr 3E4	Mev B Austen	
Gr 3E5	Mev L Kotze	
Gr 3A	Mev M Brockman	Graadhoof

INTERMEDIÊRE FASE

Gr 4E1	Mev E Ytier	
Gr 4E2	Mev M Moore	
Gr 4E3	Mev T George	
Gr 4E4	Mev E Fick	
Gr 4E5	Mev C Sephton	
Gr 4A	Mev J Smit	Graadhoof
Gr 5E1	Mev L Scott-Rodger	Departementshoof
Gr 5E2	Mev A Voortman	
Gr 5E3	Mej D de Neef	
Gr 5E4	Mej C Payne	Graadhoof
Gr 5A	Mnr B van Wyk	
Gr 6E1	Mev Q Fourie	Graadhoof
Gr 6E2	Mev H Seele	
Gr 6E3	Mnr A Momberg	
Gr 6E4	Mev H Bothma	
Gr 6E5	Mev S Steyn	
Gr 6A	Mev I Koekemoer	Departementshoof

SENIOR FASE

Gr 7E1	Mnr W Burger	
Gr 7E2	Mnr B Savage	Departementshoof
Gr 7E3	Mnr P van den Bergh	
Gr 7E4	Mev G Jonker	Graadhoof
Gr 7A	Mnr A Minnie	

ANDER

Musiek	Mnr Voges, Mev Goldberg, Mev Odendaal
Koor	Mev Goldberg, Mev Odendaal, Mev Le Roux
Remediërende (Int)	Mej E Schneider
	Mev P Blomefield (Oudiblox)
Oudiblox (Deeltyds)	Mev C Degenaar
Kuns	Mev H Wortmann, L Snyman, H Furnell
Biblioteek	Mev I Silberbauer
Sport Administrateur	Mev E Minnie
Kuns & Kultuur Ko-ordineerder	Mev R Frylinck
Terrein- en Batebestuurder	Mnr C Melvill

Administrasie

Ontvangs	Mev T Rautenbach
Sekretaresse	Mev K Suart
Finansies	Mev L Jacobs
Finansies	Mev M van de Merwe
Afrolkamer / Handboeke	Mev D Le Riche/R Wilken
Klerebank	Mev E van Rooyen

Nasorg

Bestuurderes	Mev K Hartung
Nasorg toesighouer	Mev P Burger
Nasorg toesighouer	Mev E Burger
Nasorg toesighouer	Mev M Erasmus
Nasorg toesighouer	Mev Z Murray
Nasorg toesighouer	Mev D Nicoledes
Nasorg toesighouer	Mev D Vorster
Nasorg toesighouer	Mej R Stegemann
Nasorg assistent	Mev R Martin

Terrein personeel

Senior Opsigter	Bennie de Swartz
Assistent	Peter Hansen
Assistent	Willem Pieters
Assistent	Ludwe Ndabula
Assistent	Zama Mtagwane
Assistent	John Mtengwane
Assistent	Joan Peters
Assistent	Annemarie Muller
Assistent	Gertie Martin
Assistent	Japhta Pedro
Assistent	Bennet Pongwana